

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA  
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

ARA  
297

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-05-24

DIE STAAT teen :

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21  
ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en  
ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS  
ADV. P. FICK  
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON  
ADV. G. BIZOS  
ADV. K. TIP  
ADV. Z.M. YACOOB  
ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS :

LUBBE OPNAMES

VOLUME 407

(Bladsye 23 700 tot 23 763 )

THE COURT RESUMES ON 24 MAY 1988

DIKHELE BILLY NDWEBISA, still under oath (through interpreter) -  
FURTHER EXAMINATION BY MR TIP: May it please the court. Pursuant to the leave granted by your lordship yesterday, accused no.17 is at the hospital today. Save for him, all the accused are present.

COURT: Thank you.

MR TIP: Before further evidence from the witness, you will recall the witness yesterday, Mr Mbotsha, made mention of a prohibition on meetings. I did locate the relevant notices.(10 I do not know if it would be of interest to your lordship.

COURT: Yes, I think it might help. Yes, please.

MR TIP: I will just put the reference on record. There is a notice of 29 March 1985 in gazette no.9665 and in fact that notice was extended and renewed on 28 June 1985 in gazette no. 9806 and it might be of interest for your lordship to have that as well. I am afraid I have only one copy.

COURT: Yes. My registrar can make the necessary copies.

MR TIP: I am indebted to your lordship.

COURT: Yes, thank you, Mr Tip. (20

MR TIP: Mr Ndwebisa, we got to the point yesterday where you were speaking about the municipality, the way that GRACA was going to do its work. Now was GRACA in fact able to hold a series of public meetings? -- GRACA did hold meetings at different times.

And was it able to secure venues? -- No.

Briefly what was the difficulty that was encountered? -- The fact that we were not being given permission to make use of the community hall.

COURT: What did you use then? -- We used to ask for the (30  
use/..

use of a church building.

MR TIP: Did it write letters to the relevant authorities on matters concerning the township? -- Yes, there were letters.

Now is it correct that in the course of 1983 the UDF launched an Eastern Cape region based in Port Elizabeth? -- Yes.

And did GRACA itself at some stage affiliate to the UDF? -- That is so.

Do you recall approximately when that was? -- I think it was in 1984. (10

Do you remember more or less when in 1984? -- Between May and June.

Did the affiliation to the UDF bring about any change in the policy of GRACA? -- No, there was no change.

Did GRACA participate in the carrying out of the "Million Signatures" campaign? -- Yes.

And how did it participate, through what medium? -- We had a representative who was serving on the ad hoc committee of the UDF.

COURT: On the "Million Signatures" campaign committee or (20 on the regional executive of the UDF? -- It was on the regional.

So by the ad hoc committee you mean the regional executive of the UDF? -- Yes.

MR TIP: Did GRACA carry out any other campaigns of the UDF? -- No.

What was the policy of GRACA in respect of violence? -- That was not our policy. We did not approve of violence.

On Tuesday, 17 January 1984, did you go to the house of your publicity secretary, a Mr Sandi?

COURT: Was he Sandy? S-a-n-d-y? (30

MR / ..

MR TIP: S-a-n-d-i.

COURT: Oh, "i"?

MR TIP: Yes. -- It is his private house, not an office.

Yes. Did you go there on that day? -- Yes.

And what did you find had happened there? -- I found that a petrol bomb had been thrown through a window, although it was not detonated.

Did GRACA issue a statement to the press in relation to this event or incident? -- That is so.

And were you party to the issuing of that statement? (10  
-- That is so.

With the court's leave may I show the witness a copy of a report on the front page of Grocott's Mail of 20 January 1984.

COURT: What Mail is it?

MR TIP: G-r-o-c-o-t-t's, m'lord. Is Grocott's Mail a newspaper that appears in Grahamstown? -- Yes.

Did you see this report? -- Yes, I did.

Just for the record, the caption is: "Petrol bomb attack on township house" and I would like you to have a look at the foot of the first column, which is in the middle of the copy (20 if I may read that onto record:

"This is the first time that the fledgling organisation - which claims support from 75% of township residents - has been subjected to intimidation. However, the incident has served to reaffirm the association's commitment to non-violence. "We are totally opposed to violence of any kind", he said, "because we think violence only begets more violence".

COURT: This will go in as EXHIBIT DA.191.

MR TIP: As the court pleases. Does that reflect the (30  
statement / ..

statement which you made to the press on that occasion? -- That is so.

And did that statement also reflect the policy of GRACA? -- That is so.

COURT: Yes, could I just quickly read the article?

MR TIP: As the court pleases.

COURT: Yes, thank you.

MR TIP: I want to move on now to the funeral of Patrick Ndyokolo which was held on 9 November 1984. Do you recall that occasion? (10

COURT: Just give me the date again?

MR TIP: 9 November 1984, m'lord. Were you present on that occasion? -- I was, yes.

And from what stage of the proceedings? -- From right at the beginning because this started in the morning, the service started in the morning so I was the first person to arrive.

Was that at the home of the deceased? -- That is so.

COURT: Who was this Patrick Ndyokolo? -- He was a student.

Was he a member of GRACA? -- No, he was not a member of GRACA. (20

Yes, thank you.

MR TIP: Did you see members of any organisations at the home of the deceased? -- Yes, there were.

Do you remember of what organisations? -- AZAPO, COSAS, SAAWU.

COURT: Had he been a member of AZAPO of COSAS? -- He was a member of AZAPO.

MR TIP: And what became of the banners that were there? -- The banners were put against the wall outside the house. The police arrived there and removed those banners from against (30  
the / ..

the wall.

After that were there any banners displayed at the funeral?

-- No, there were no other banners.

Now who was in charge of the funeral proceedings on that occasion? -- The donkey church (Methodist) was in charge of the funeral service.

COURT: Why is it called that? -- This is in fact Methodist church in Africa but the people call it the donkey church to differentiate it from the other Methodist church.

What do they call the other Methodist church then? -- (10 is Wesley, John Wesley church.

Yes, thank you.

MR TIP: As the court pleases. And in relation to the organisations that were in existence, which organisation was predominant at the funeral? -- AZAPO.

According to your observation had that always been the case?

COURT: By always you mean where? At this funeral?

MR TIP: Well prior - perhaps it is a loose question, obviously. Did you yourself speak at all at the home of the (20 deceased? -- Yes, I did.

And do you recall what your message was, what you had to say? -- What I said was in fact trying to settle a dispute between AZAPO and COSAS about who was who, and who was in fact to be officially the organisation which is in charge of the funeral. And what I was saying, I sort of said to them they must stop arguing and sort of causing confusions and trying to settle their disputes at this funeral. All they had to do was just to see to it that the funeral is run and the funeral is completed. (30

COURT / ..

COURT: Why would there be a dispute at this funeral if the deceased was a member of AZAPO? -- What was happening there is that COSAS was claiming the deceased to have been a member and AZAPO was also claiming the same, that this person was a member to them. It ended up with AZAPO succeeding in claiming the membership of the deceased.

How did they prove that? Did they produce a membership card? -- I did not see any membership cards being produced.

MR TIP: Was there any speaker from COSAS at that funeral? -- No, there was not. (10)

Was there any speaker from the UDF? -- No.

Did you notice any UDF T-shirts on that occasion? -- I did not see that.

Did you hear any chanting of "viva UDF" or "viva COSAS" or "UDF unites" or anything of that nature? -- No, I did not hear that.

I think just to complete the picture there, did you yourself any any stage see teargas having been fired by the police? -- I did not see that.

I want to just finally ask you, after the funeral did (20 you read a report purporting to be a statement from COSAS in the public press? -- Yes, I did.

May I put this to the witness? It is tendered only for proof of its appearance, not clearly for the fact that COSAS issued it? What I am showing you is a photocopy of a report in the Eastern Province Herald of 15 November 1984, captioned: "COSAS adds its voice to call for end of unrest". Did you see that report? -- Yes, I saw it.

With the court's leave may I read onto the record the first two paragraphs? (30

COURT / ..

COURT: Yes.

MR TIP: (Reads):

"The Congress of South African students, COSAS, yesterday added its voice to the growing call for an end to the unrest and violence in the Eastern Cape. The Eastern Cape regional full-time organiser, Mr Themba Mangqase, released a statement dissociating COSAS from the violence in the townships and deploring the burning of the Methodist church in Grahamstown, saying it could not have been set alight "by any reasonable man or student"". (10

That is all.

COURT: It will go in as DA.192.

MR TIP: As the court pleases.

COURT: Just a moment.

MR TIP: That concludes the examination-in-chief.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: Ek wil aan die begin aan u stel dat GRACA en die ander organisasies soos COSAS, hou twee gesigte voor. Een aan die wêreld waar hulle vertel soos blyk uit die dokumente wat ingehandig is, aan kommersiële koerante, dat hulle staan nie geweld voor nie; maar agteraf op hulle (20 vergaderings en in hulle dokumente wat tot hulle eie lede beperk is, staan hulle geweld voor. Preek hulle geweld. -- Ek het nie kennis daarvan nie.

En ek stel aan u die berig wat verskyn het in DA.191..

HOF: 191?

MNR FICK: 191, die een van GRACA wat u sê u deel in gehad het, het julle - edele, ek sien die getuie se bewysstuk is weggeneem, ek wil net dat hy een kry. Die ding is onder andere, wil ek aan u stel, gepubliseer om lede van die meer konserwatiewe mense in die gemeenskap te probeer betrek by GRACA. -- Ek (30

weet / ..



weet nie daarvan nie.

Nou meneer, kan u dan verduidelik volgens die berig wat verskyn in DA.191, as u na die opskrif kyk - ek praat nie van die vetgedrukte letters nie - die eerste kolom bo, word daar gesê:

"In-fighting between opposing political factions in the Grahamstown black townships entered an ominous new phase this week after a potentially lethal petrol bomb was thrown into the Makana's Kop home of Mr Nzokolo Sandi early Tuesday morning". (10

en dan wil ek u verwys na die laaste kolom.. -- Verskoon my, wat is die eerste gedeelte wat u gelees het? Waar is dit?

Net onder die groot opskrif, daardie stukkie. U sien die aanval word gesê was "early Tuesday morning". -- Ja, dit was in die mōre gewees.

Nou hierdie berig het verskyn op Vrydag, 20 Januarie. Dit is nou 'n paar dae later en as u kyk na die laaste paragraaf in die tweede laaste kolom waar hulle die polisie aanhaal:

"A police spokesman told Grocott's that the matter was not being investigated as it had not yet been official- (20 ly reported. If they reported the attack to us now, we will launch an investigation, the spokesman said."

Kan u aan die hof verduidelik waarom is hierdie ding 'n paar dae later nog nie aan die polisie gerapporteer nie? -- Hierdie koerant word twee maal in 'n week uitgegee, dit wil sê dit is beskikbaar twee maal in 'n week. Dit is Dinsdag en Vrydag.

Ja, maar antwoord nou net asseblief die vraag. Die vraag is kan u verduidelik dat op Vrydag toe hierdie ding gepubliseer is was daar nog nie by die polisie gekla gewees nie? -- Moes GRACA by die polisie gaan rapporteer het? (30

Nee / ..

Nee, maar dit is nou u sekretaris, het hy nooit verduidelik waarom het hy dit nie aan die polisie gerapporteer nie? -- Ek het hom nie gevra nie.

Nou ek stel dit aan u weer, meneer, hierdie hele ding het julle gebruik vir publisiteitsdoeleindes en niks anders nie. -- Dit is reg as dit u gedagte is, maar dit was nie ons bedoeling gewees nie.

Dan wil ek met u gaan na u getuienis toe soos u dit gegee het van die begin af. Is dit so dat voor GRACA bestaan het was daar die raadslede aan die een kant en dan was daar nog (10 'n organisasie bekend as die Grahamstown rent and rate payers' association? -- Ja, dié het bestaan.

HOF: Is dit, die association, die basis waaruit die raadslede gewerk het of was dit teen mekaar gestel? -- Hulle het teen mekaar gewerk.

Ja.

MNR FICK: En dan was daar nog 'n organisasie bekend as die "parents' committee". -- Ja.

Nou hierdie "parents' committee" wat vir 'n organisasie was dit? -- Dit is mense wat by die vergaderings gekies was as (20 lede van die "parents' committee".

Wat was hulle werk? -- Dit was gedurende daardie tyd dat die kinders nie skool toe wou gegaan het nie.

Wanneer was dit? -- In 1984.

Verstaan ek u dan reg, hulle het ontstaan na GRACA? Hulle het nie voor GRACA ontstaan nie? -- Wat het nou bestaan na GRACA?

HOF: Nee, die vraag is wat was eerste, GRACA of die "parents' committee"? -- Eers GRACA.

MNR FICK: Nou is dit so dat GRACA het ontstaan uit hierdie (30  
Grahamstown/ ..

Grahamstown rent and rate payers' association? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Maar u was tog die eerste president. U ken tog seker die geskiedenis van die organisasie? -- Wat GRACA betref ja, weet ek wat is die geskiedenis maar omtrent "rate payers' association", ek dra geen kennis daarvan nie.

HOF: U was nie lid van die "rate payers' association" nie? -- Nee.

En ook nie julle GRACA bestuur, was nie ook vantevore op die "rate payers' association" nie? -- Nee. (10

MNR FICK: Maar die komitee wat verantwoordelik was vir die stigting van GRACA, is hy nie gevorm op 'n vergadering wat 'n terugrapporteringsvergadering was van hierdie "rate payers' association" nie? -- "Rate payers' association" word nie betrek daar nie.

Ek wil net dit vir u vra, dit staan in W.78..

HOF: W vir Willem?

MNR FICK: W vir Willem. Dit is in volume 12. Dit is 'n Grahamstown Voice van Oktober 1983, vol.7, nr.6. Sommer daar-die eerste bladsy, die eerste kolom onder "Grahamstown to form a civic":

"The stage has come for the people of Grahamstown to see that the community council is not the solution to their problems. This was the message of nearly a thousand people at a meeting at Joza earlier this month. At the same time an interim committee was elected which will begin to organise a civic or people's organisation for Grahamstown."

en dan:

"The committee was elected at a report back meeting (30  
of / ..

of a special committee of the rent and rate payers' association which was looking into the serious housing problems in Grahamstown."

Wat sê jy? -- Nee, maar ek het gesê die "rate payers" het nie daarin geslaag om die werk uitgevoer te kry nie. Dit was om daardie rede dat GRACA gestig was.

Jy beantwoord nie die vraag nie. Die vraag was aanvanklik, wat jy ontken het, dat GRACA het ontstaan en sy bestuur is gekies op 'n vergadering wat 'n terugrapporteringsvergadering was van die "rent and rate payers' association". -- Wat (10 hier geskryf staan strook nie met wat ek gesê het nie. Ek sê alhoewel die mense die vergadering daar bygewoon het omdat hulle nie tevrede was met die "rate payers" en die manier, en die toestande waaronder hulle gelewe het in daardie woonbuurt, die mense het toe GRACA daar begin stig in die sin dat daar mense gekies was met die oog op stigting van GRACA. Maar omdat dit voortspruit uit die "rate payers' association".

HOF: Ja, maar laat ons nou net duidelikheid kry wat is daar. Was daar 'n vergadering van 'n duisend, naby aan 'n duisend persone in Joza vroeg in Oktober 1983? -- Ja, daar was. (20

En was dit 'n vergadering soos hier gemeld word, 'n "report back meeting" van 'n spesiale komitee van die "rent and rate association"? -- Ek is ongelukkig nie in staat om vir die hof te sê hoe die "rate payers' association" daar betrek word nie, maar die manier waarop dit hier gestel is in hierdie dokument waaruit u gelees het, weet ek nie van nie.

Nou maar is daar op hierdie vergadering van byna duisend mense 'n ad hoc komitee of 'n interim komitee gekies? -- Ja.

En was dit die komitee wat uiteindelik vir GRACA op die been gebring het? -- Ja. (30

Nou / ..

Nou lyk dit vir my die enigste verskil tussen u en die advokaat vir die staat is wie het die vergadering belê? Wie sê u het die vergadering belê? -- Ek sê die inwoners van Grahamstown se swart woonbuurte het hierdie vergadering belê omdat hulle nie tevrede was met sekere dinge in die lewens-toestande van die gebiede nie. Dit was by hierdie vergadering dan besluit deur die inwoners dat daar 'n stigting moet wees van 'n organisasie of 'n liggaam wat namens hulle sal optree. Op daardie basis is hierdie komitee dan daar gekies.

Nou deur wie het die inwoners gehandel toe hulle die (10 vergadering saamgeroep het? -- Wat gebeur het daar is dat die mense wat besluit het op 'n vergadering, gaan vra het vir die vergaderplek. As hulle dit kry dan sal hulle op skrif stel die uitnodiging van mense dat daar 'n vergadering gehou gaan word op hierdie datum op so 'n plek as 'n vergaderplek.

Wel, laat ons nou nie sulke lang draaie loop nie. Sê net vir my wie het die vergadering belê? -- Dit is die interim komitee.

Die interim komitee het al bestaan voordat die vergadering belê is? -- Sekere klompie persone het die vergadering belê, (20 dit is vanaf die inwoners. Dit is by dié vergadering wat belê was deur hierdie klompie persone waar die interim komitee gekies was.

Het hulle bekend gestaan daardie persone as 'n "special committee"? -- Ja, hulle was onder daardie naam bekend.

Maar is daar dan nog enige verskil tussen uself en die staat se advokaat oor hierdie berig? -- Ja.

Ja. Ek wil u net een vraag vra nog oor die berig. As u kyk op die volgende kolom, die tweede paragraaf staan daar:

"At previous meeting of the community council and the (30  
rents / ..

rents and rate payers' association".

Hierdie is geskryf in Oktober 1983. As ek reg onthou het u vir my gister gesê dat op 1 Desember 1983 het daar 'n "community council" ontstaan en dat dit die eerste keer is dat daar so 'n ding gekom het in Grahamstad. Is die berig dan verkeerd in dié opsig? -- Nee, ek het fouteer gister. Daar was 'n "town community" wat bestaan het en dan die "community council" na die "town community".

Ja, maar hierdie berig praat van 'n "community council". -- Ek het fouteer. Om dit reg te stel, die korrekte verhaal (10 is dat voor 1 Oktober toe die Rhini dorpsraad bestaan het vanaf 1 Oktober het ons die gemeenskapsraad gehad wat alreeds bestaan het. Met ander woorde, die gemeenskapsraad het bestaan voor hierdie berig wat gemaak word in die tyd van Rhini dorpsraad.

Laat ek dit net duidelik kry, noem dit op hulle Engelse name, voor 1 Oktober 1983 het - u sê Rhini - het Rhini dorpsraad bestaan vanaf 1 Oktober? -- Ja.

Is dit nou wat u noem die "community council" of was hy voor dit? -- Die "community council" is voor die Rhini (20 "town council".

So ons het 'n gemeenskapsraad en 'n dorpsraad? -- Ja.

En die gemeenskapsraad het bestaan tot 1 Oktober 1983 en toe die dorpsraad vanaf 1 Oktober 1983? -- Die "community council" van Rhini het bestaan tot en met die einde November. Op 1 Desember 1983 was daar verkiesings gehou van die Rhini "town council", dit wil sê die hele tyd voor die Rhini "town council" se verkiesings het ons daar gehad die "community council".

Dit is nou Desember, 2 Desember 1983? -- Ja. (30

En / ..

En 1 Oktober 1983 is nie in die prentjie nie? -- Nee, beha,we dat ek kan sê in daardie tyd, ingesluit 1 Oktober het ons die "community councils" gehad wat daardie werk gedoen het.

Dankie.

MNR FICK: Nou dit is nie waar u fout ophou nie, meneer. As u na dieselfde bewysstuk kyk en u kyk na bladsy 2 - nou moet u onthou hierdie is 'n berig in Oktober 1983 - bladsy 2, die tweede kolom sê hulle:

"The rents and rate payers' association and the parents  
association are advisory organisations". (10

U het netnou vir die hof vertel die "parents' association" het eers in 1984 ontstaan.

MR TIP: I believe that the witness made reference earlier to the parents' committee and not to the "parents' association".

MNR FICK: Ek is jammer, dan is dit my fout. Is daar 'n verskil tussen die "parents' association" en die "parents' committee"? -- Die "parents' committee" word gekies by die skole, wat namens die skole en skoolkinders optree.

Nou wie is.. (20

HOF: Net 'n oomblik. En die "association"? -- Die "parents' association" bestaan uit verskillende lede van die komitees by verskillende skole. Dan vorm hulle die liggaam van die "association".

Maar toe u netnou gepraat het van 'n komitee wat gekies is op 'n vergadering en wat ontstaan het nadat GRACA ontstaan het, waarvan het u toe gepraat? -- Watter komitee is dit nou?

Die "parents' committee". U het gesê dit het ontstaan toe die kinders nie wou skool toe gaan nie in 1984. -- Ja?

Nou is dit dieselfde ding as die "parents' association" (30

As / ..

-- As 'n man praat dan praat hy net van 'n komitee. In Khosa daar is nie 'n verskil wat gemaak word nie. As ons praat net van 'n liggaam dan praat ons van 'n komitee.

As u praat van komitee, dan bedoel dit 'n vereniging van persone? -- Ja, dit is in Khosa.

Maar nou as u lees hier: "the parents' association", het dit enigsins iets te doen met daardie komitee waarvan u gepraat het, die "parents' committee"? -- In Khosa al praat 'n mens van die "parents' association" of die "parents' committee" dan praat jy net van 'n komitee. (10

So wat sou u sê? Sou u sê dit is dieselfde ding of is dit 'n ander ding? -- Dit is 'n komitee.

Ja-nee, dit weet ek. Is die ding wat u netnou na verwys het en wat u 'n "parents' committee" genoem het, of is dit 'n ander ding en as dit 'n ander ding is, watter soort ding is dit dan? -- Dit is nog 'n komitee.

Ja.

MNR FICK: Maar dinge is baie deurmekaar vir my met u antwoorde. U het netnou ook gesê vir die hof, toe die hof gevra het nou watse ding is 'n "parents' association" in vergelyking met 'n (20 "parents' committee", toe sê u die "parents' association" is gekies uit die "parents' committees". -- Daar word gekies van die ouers van verskillende skole om hierdie liggaam te vorm, dan sal die liggaam al die skole in daardie gebied verteenwoordig.

HOF: Nee, ons sukkel nou maar in elk geval, ek wil net probeer om te kyk of ons êrens kan kom. Hierdie berig sê daar is drie liggaame wat voorgee dat hulle die mense in Grahamstad verteenwoordig. Die eerste is die "community council", die tweede is die Grahamstown "rents and rate payers' association" en die (30

derde / ..



derde is die "parents' association". En dit is geskryf in Oktober 1983. Dit is nou voor die stigting van GRACA wat die drie bestaan het. Weet u van die drie? -- Ja, ek sien daar bestaan so drie.

Ja, maar het u dit daardie tyd ook geweet? -- Van hoor, ja, omdat daarvan gepraat was.

MNR FICK: Maar dan kan u antwoord mos nie reg wees dat die "parents' association" gevorm is uit die "parents' committees" wat in 1984 eers gekies is nie? -- Ek sal dit nie ontken dat dit dalk nie korrek kan wees nie, maar wat ek vir die hof (10 sê is dit, die "parents' committee" waar ek as 'n lid gedien het is eers in 1984 gekies.

Volledigheidshalwe op watter skool was dit waar jy op die "parents' committee" was? -- Fikizolo lower primary school en Andrew Moyake higher primary school, dit is waar ek 'n lid was van die twee komitees.

Nou terwyl ons op BEWYSSTUK W.78 is, die heel laaste lyn op bladsy 1, lees ons daar, hulle verwys nou in die vorige paragrawe na behuising en ander probleme en dan sê hulle:

"These issues had to be taken up by.."

-- Verskoon my, watter paragraaf is dit?

Die heel laaste lyn op bladsy 1, die heel laaste lyn, tweede kolom. -- Ja?

"These issues had to be taken up by.."

en dan moet u omblaai na die eerste kolom, heel onderaan bladsy 2:

"..by the people. We must force the authorities to know that we mean business, they said".

Is dit hoekom GRACA gevorm is? -- Ja, nou verstaan ek die paragraaf. Wat is u vraag nou? (30

Is / ..

Is dit die rede waarom GRACA gevorm is? -- Dit kan wees dat dit die rede is.

Maar het julle nie besluit in GRACA hoe gaan julle die owerhede dwing om in te sien dat julle besigheid bedoel nie? -- Dit is een van die dinge wat ons in gedagte gehad het, dat dit die boodskap gaan wees wat ons aan die outoriteite sal moet oordra.

Nee, hoe het julle besluit hoe gaan julle die owerheid dwing? -- Met samesprekings wat daar gevoer sal word, of per brief. (10

Nou watter samesprekings het julle met die owerhede gevoer? -- Praat u nou van GRACA?

Ja. -- Ek het nou net vir die hof hier gesê dat ons per brief met mekaar onderhandel of alternatiewelik dat ons persoonlik daar samesprekings met hulle moet voer.

Antwoord nou net die vraag, watter samesprekings het julle met hulle gevoer? -- Ons het per brief uiteengesit waaroor die gemeenskap gekla het. Ons het hulle nie persoonlik gaan ontmoet nie.

Nou terwyl ons met daardie selfde berig besig is, net (20 daar waar ons opgehou het gaan ons verder aan:

"At the report back meeting one of the executive members of the rent and rate payers' association suggested that people should vote in the coming elections and try and solve the problems in this way, but the people became angry and a new chairman was elected from this special committee. There were elections straightaway for the interim committee to start work on forming a civic".

-- Ja, dit gebeur.

Ja, nou stel dit aan jou, meneer, GRACA het reg van die (30

begin / ..

begin af daar waar die idee van GRACA gevorm is, van daar af al het GRACA regdeur die houding gehandhaaf hy werk nie saam met die owerheid nie. Hy wil niks met hulle te doen hê nie, hy boikot hulle. -- Hoe nou?

Ek stel aan u, julle beleid was om glad nie saam te werk met die owerhede nie, nie soos julle hier sê nie, julle het hulle geboikot sover as julle kon. -- Hoe, wat bedoel u by boikot?

Julle wou nie deelneem aan enige werksaamhede van die raad nie, julle wou niks met hulle te doen gehad het nie; (10 julle het hulle uitgekryt as 'n klomp "sell-outs" en "puppets". -- Dit is die manier van praat, die woorde wat gebesig was. Dié was gebruik lank voor die bestaan van die owerhede wat u na verwys so dit moet gebruik word, dit is die taal wat gebruik word.

Afgesien van die taal, die punt wat ek wil maak is julle beleid was julle wou niks te doen hê met die raadstelsel nie, of die ander owerhede nie; julle wou niks met hulle te doen hê nie. -- Ja, dit is so.

DIE HOF VERDAAG VIR TEE / DIE HOF HERVAT (20

DIKHELE BILLY NDWEBISA, nog onder eed (deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: Is dit so dat u het die dag van die Rhini "town council", ons sal by die uitdrukking bly, toe dit ingehuldig is het julle dit ook geboikot en ook 'n beroep gedoen op die gemeenskap om daardie geleentheid te boikot? -- Ja.

Nou 'n ander aspek, is dit so dat GRACA het gewerk deur middel van huisvergaderings, straatvergaderings waar julle die mense van 'n straat bymekaar gekry het by 'n spesifieke huis en massavergaderings? -- Ons het vergaderings gehou, ja. (30

HOF / ..

HOF: Huisvergaderings en massavergaderings? -- Nee, nie massavergaderings nie.

Nie openbare vergaderings waar almal toegang gehad het nie? -- Ons het hulle altyd geroep na 'n kerk toe, wat ons 'n kerkgebou gekry het om by te vergader.

MNR FICK: En is dit ook so dat GRACA het die publikasie waarna ons nog die heelyd verwys, hierdie Grahamstown Voice het GRACA gebruik om sy standpunt te stel en die mense oor te haal om sy projekte te ondersteun? -- Ja, ons het dit gebruik.

En is dit ook so dat die Grahamstown Voice word uitge- (10 gee in Grahamstad deur studente van Rhodes universiteit, en dit word gedoen vir GRACA om sy standpunte te populariseer en ook vandat die UDF gestig is, gebruik die UDF ook die Grahams-town Voice? -- Ons het gebruik gemaak van daardie nuusblad, ja.

Ja, maar.. -- Ek weet net nie wat die ander organisasies betref nie, maar ons het altyd gebruik gemaak daarvan.

Maar jy het dit tog seker ook gereeld gelees, hierdie Grahamstown Voice? -- Ja, ons het dit gelees.

Maar dan moes u mos gesien het dat behalwe die UDF, het ook COSAS gebruik gemaak in Grahamstad van hierdie koerant? (20 -- 'n Koerant kan deur enige persoon gebruik word.

HOF: Maar is hierdie 'n regte koerant? Hy dra nie advertensies in die gewone sin nie? -- Ek weet nie.

Maar is dit nie so nie, hierdie is mos nie 'n gewone koerant nie? -- Dit is sommer so 'n nuusblad wat gebruik word.

MNR FICK: En al wat hy bevat is organisasies se aktiwiteite, beleid, wat daarin gepubliseer word. -- Ek volg nie die vraag nie. Wat is die vraag?

Al wat in hierdie publikasie verskyn, die Grahamstown Voice is die organisasies se beleidspunte wat hulle maak, hulle (30 aktiwiteite / ..

aktiwiteite wat hulle populariseer, hulle beleid? -- Is dit u siening van hierdie nuusblad?

Is dit ook u siening? -- Ek sien dit net as 'n nuusblad wat ek gelees het as ek dit gekry het.

En GRACA, is dit so dat hy was nie net geïnteresseerd in die probleme van die gemeenskap in Grahamstown se woongebiede self nie, maar hy het 'n beleid gehad wat breër gestrek het; hy het homself gesien as deel van die nasionale - soos julle sê - "liberation struggle"? -- Ja, dit is so.

En die doel van al die opneem van die knelpunte was om (10 die mense te organiseer om te stry vir 'n sogenaamde nie-rassistiese, verenigde, demokratiese Suid-Afrika? -- Die doel van ons in Graca was om die apartheid te beëindig.

En is dit so dat julle het die nuwe driekamer-parlement en die sogenaamde "town councils" gesien as die vyand van die gemeenskap? -- Ek is nie duidelik met daardie stelling nie.

K1394

Kan u dit herhaal?

Julle in GRACA het die driekamer-parlement en die "town councils" het julle gesien as die vyand van die mense. -- Nee, al wat gebeur het is dat ons dit nie aanvaar nie. (20

Het julle nie verkondig dat hierdie instellings is die vyand van GRACA en die mense nie? -- Wat ons gesê het was die gemeenskap aanvaar nie die driekamer-parlement nie en ook nie die Rhini raad nie.

Is dit so dat julle in GRACA het julle self gesien as die alternatief tot hierdie Rhini raad, is dit reg? -- Nee, ons sou nie oorgeneem het as die outoriteite nie.

Sê u werklik vir die hof dat julle opposisie teen die Rhini town council was daarop gemik dat julle die munisipaliteit wou terug gehad het? -- Ons wou een munisipaliteit (30

gehad / ..

gehad het wat die beheer moet oorneem van al die plekke. Ons wou nie gehad het dat daar verskillende munisipaliteite moes wees vir byvoorbeeld die blankes, Xhosas en kleurlinge nie. Ons wou net een soort munisipaliteit gehad het.

Verstaan ek u reg, julle wou sitting gehad het op die blanke munisipaliteit van Grahamstad, dit is waarvoor julle.. -- Wat ons wou gehad het is dat die mense moet volgens wyke daar verdeel word in die woonbuurt en die wyke moet ook by die munisipaliteit van die dorpsraad van Grahamstad verteenwoordig word, net soos dit gedoen word in die blanke gebiede. (10

Met ander woorde julle wou nie teruggaan na 'n ou stelsel nie dat julle net onder die munisipaliteit resorteer in die woongebiede nie, julle wou 'n nuwe stelsel gehad het, naamlik verteenwoordiging op die bestuur van Grahamstown stadsraad? -- Dit is presies so.

Nou wat het julle nou gedink as julle ontslae geraak het van die raadslede, die "town council"? Op julle eie kan julle nie verteenwoordiging kry op die Grahamstadse stadsraad nie - wie gaan die plek bestuur? -- Dit is presies wat ek sê. Ons wou nie gehad het dat daar meer as een munisipaliteit moet (20 wees in daardie klein dorpie van Grahamstad nie. Ons wou net een munisipaliteit gehad het vir al die mense in daardie gebied van Grahamstad.

Nee, jy hardloop om die punt. Die ou stelsel waarvolgens die munisipaliteit die woongebied beheer het, wou julle nie gehad het nie. Die nuwe stelsel van die "town council" wou julle nie gehad het nie. Julle het hulle geboikot, julle wou wegdoen met hulle. Nou vra ek jou, as julle nou weggedoen het met hierdie "town council", wie sou daardie dorpsgebiede bestuur het van julle? -- Ons het nie gesê dat ons nie die blanke (30 munisipaliteit/..

munisipaliteit wil hê nie. Al wat ons nie wil hê nie is dat daar moet apartheid toegepas word, dat daar verskillende munisipaliteite moet wees in so 'n klein dorpie. So met ander woorde die munisipaliteit wat daar bestaan het volgens ons, sou in beheer gewees het.

Maar dit is nie wat julle wou gehad het nie? Julle wou nie gehad het die munisipaliteit moet in beheer wees van die plek nie, julle wou ook sitting gehad het op die munisipaliteit. -- Ja, u verstaan my nie. Ek sê die bestaande munisipaliteit van Grahamstad moet net so wees met hierdie ver- (10  
andering naamlik dat daar 'n wyk moet wees van 'n swart woonbuurt, dit wil sê iemand moet die swart woonbuurt verteenwoordig en dat daar 'n wyk moet wees vir die kleurlinge, dit wil sê iemand moet die kleurlinggebied verteenwoordig by die huidige munisipaliteit van Grahamstad.

Nou gaan ek jou nog een maal, 'n laaste maal vra. In die tyd wat julle nou weggedoen het met die "town councils" wat julle nou wou hê nie totdat julle nou eendag iemand oorreed het om vir julle sitting te gee op hierdie Grahamstadse stadsraad, wie moet daardie plek bestuur? -- Nee, maar Rhini (20  
stadsraad bestaan nog. Hulle is nog in beheer, in outoriteit daar.

Nou hierdie ding wat u nou vir die hof vertel dat julle wou dit so gehad het dat julle net sitting moet hê op die stadsraad, het julle enige dokumente uitgegee om vir die mense te sê daarvan? Kan jy dit vir die hof wys? -- Nee, ons het dit nie geskryf nie.

Ek wil hê u moet kyk na BEWYSSTUK W.79, dit is volume 12. Dit is ook 'n Grahamstown Voice.

HOF: W?

(30

MNR / ..

MNR FICK: W.79, dit is net die volgende dokument in volume 12. Dan moet u gaan vir my na bladsy 3. Die bladsy is onder gemerk aan die regterkant. -- Bladsy?

3. Dit is 'n onderhoud wat met u gevoer is, is dit reg?  
-- Ja.

As ons kyk die eerste kolom, die tweede paragraaf, daar word u gevra:

"What is the role of GRACA?"

en dan antwoord u:

"GRACA voices the demands of the people. We demand (10 rents that the people can afford, we demand better houses and better transport. We provide an alternative to dummy bodies like the community council".

Wat sê u daarvan? -- Dit is presies net soos dit daar staan.

Dan wil ek u verwys na die laaste paragraaf in kolom 2, waar u netnou ontken het dat u gesê het julle sien die parlement en die "town councils" as vyande. Hier het u gesê:

"We work closely with the UDF around the "Million Signature" campaign. We give the UDF our full support because GRACA and the UDF have a common enemy, namely all the (20 organisations like the apartheid parliament, the dummy town councils and the bantustans like the Ciskei. GRACA and the UDF have a common purpose to organise people to struggle for a non-racial, united, democratic South Africa."

Wat sê jy nou? -- Dit is net soos dit hier geskryf staan.

Nou hoekom het u netnou ontken dat u die blanke parlement en die raadslede as u vyande sien? -- Watter, wat het ek ontken?

Toe ek u gevra het of julle, GRACA, die parlement en die raadslede, die "town council" as julle vyande sien. -- Ons is nie teen die raad nie. Ons probleem is met die sisteem wat (30

gevolg / ..



gevolg word.

Ek u in dieselfde verband verwys na 'n ander dokument, BEWYSSTUK AM.39, dit is in volume 3. -- AM?

Anna Maria. -- Volume 3.

39, mnr die tolk.

ASSESSOR: Net voor u weggaan van die Grahamstown Voice, mnr Fick, asseblief. Meneer, die blaadjie, die ene waarna u aanvanklik verwys is, dit is nou die een van Oktober 1983; hy het die nommer volume 7, nr.6. Dit is W.78. -- Bladsy 1?

Ja, dit is volume 7, nr.6. -- Ja, ons het dit. (10

Was dit in daardie stadium 'n bekende blad in Grahamstad?

-- Ja.

Daar is ook ander van die blaaië, van W.75 af. Daar is byvoorbeeld een vir Maart 1983 en sy nommer is volume 7, nr.1.

-- Dit is reg, BEWYSSTUK W.75.

Ja? -- Ja, wat daarvan?

Het u die blad gereeld gelees? -- Ja, as daar 'n uitgawe is van die blad het ek dit gelees.

Ja, dankie.

MNR FICK: Dan AM.39, volume 3. Die eerste twee bladsye is (20 die dokument self en op die tweede bladsy word gesê: Grahams-town civic association, issued by Grahamstown civic association.

Ken u hierdie pamflet? -- Ja.

Het julle hom uitgegee? -- Ja.

Wanneer is hy uitgegee? -- Ek kan nie meer onthou wanneer dit was nie, maar dit was uitgegee.

Nou ek wil u verwys na paragraaf nr.6 van die vertaling, dit is agter, mnr die Tolk. -- Heel onder?

Punt nr.6. -- Ja, punt nr.6: "There is only one medicine".

"There is only one medicine, Rhini council must be (30

opposed / ..

opposed, destroyed and forced not to be in existence in Grahamstown."

MR TIP: M'lord, "destroyed" has been corrected and..

COURT: By whom?

MR TIP: By consent with the state and should read: "kicked out".

COURT: It has not been put on record yet.

MR TIP: It is in the AAS-series. I can locate the precise..

COURT: Please, will you?

MR TIP: Yes. Perhaps I should clear it up now before my (10 learned friend continues?

COURT: Yes, I think so.

MR TIP: Your lordship will find it in AAS.12 on page 4 of that exhibit in respect of AM.39, paragraph 6 on page 1: substitute "kicked out" for "destroyed".

COURT: Just a minute. I must write in, instead of "destroyed", "kicked out"?

MR TIP: Kicked out.

COURT: Kicked out. Thank you.

MNR FICK: Jammer, ek het dit nie so op die stuk wat ek hier (20 voor my het nie. Ek sal dit so aanvaar. Nou is dit so, meneer, dat julle wou hierdie raad glad nie gehad het nie. Daar moet niks gewees het nie, julle wou nie met hulle saamgewerk het nie; hulle moet van ontslae geraak word, verwerp word? -- Ek het hier gesê ons het geen probleme met Rhini raad nie, behalwe die sisteem.

U het in u getuienis verder verwys na die begin van 1984 het julle stappe geneem om daar 'n vergadering te hou waarheen julle die raadslede uitgenooi het, maar die raadslede het net eenvoudig vir julle gesê hulle kan nie kom nie? -- Ja, dit (30

is / ..

is so.

Was daar net een so 'n geleentheid waar julle hulle uitgenooi het en waar julle die reaksie gekry het van die raad?

-- Dit was die eerste keer.

Die vraag is was dit die enigste keer? -- Dit was die eerste en die laaste keer. Dit het nie weer gebeur nie.

En u sê dit was in Januarie? -- Dit is so, ja.

En het julle van julle kant af die raad se vergaderings, openbare vergaderings gaan bywoon? -- Nee, hulle roep nooit vergaderings nie. (10

U moet nou onthou wat u geantwoord het nê? Ek wil u verwys na BEWYSSTUK W.56, dit is in volume 9. -- Volume?

9, W.65 - jammer, 56, W.56. U sien daar dit is ook 'n Grahamstown Voice, Mei 1984, volume 8, nr.2. -- Wat is die bewysstuknommer?

W.56. -- Bladsy 1?

Op bladsy 1 word gesê dit is die Grahamstown Voice van Mei 1984. -- Ja, ons het dit.

Nou wil ek hê u moet blaai na bladsy 2, onder die opskrif van: "GRACA gets no council answers". U onthou wat u aan (20 die hof gesê het, hierdie mense het nooit vergaderings gehou nie, hulle het julle nooit geroep na vergaderings toe nie.

Hier word vertel:

"At a meeting held earlier in April, the so-called Rhinietown council failed to satisfy the demands of the people of Grahamstown. They could not say why people had certain problems and they have not been able to solve these problems. The new council took office only a few months after a very low vote in Grahamstown. It has been unwilling to make a real effort to stand with the (30 people / ..

people and seems to have lost even the little support it had."

En nou:

"The meeting became difficult for the councillors who refused to let a representative of the Grahamstown residents' association ask questions. When GRACA was able to ask questions, the councillors showed their lack of interest in township affairs when they could not answer these questions."

Wat sê jy nou daarvan? -- Die raadslede hou nie vergaderings(10 daar nie.

Nou wie het dan hierdie ding geloop skryf? -- Wat is die datum van hierdie ding, wanneer is hy geskryf?

Meimaand 1984. -- Watse vergadering was dié?

Dit is 'n vergadering wat die raadslede gehou het in April 1984. -- Dit kan wees dat ek miskien nie daar teenwoordig was nie.

Jy is tog die president van GRACA? Jy sal tog weet van so 'n voorval as die raadslede weier om jou verteenwoordiger te laat vrae vra? -- Ek was nie by die vergadering gewees (20 indien daar enige gehou was nie. Dit kan wees dat ek nie daar was nie.

Nee, ek sal jou sê wat is aan die gang, meneer. Ek wil aan jou stel dat julle is daarop uit om alles te doen om die raadslede in 'n swak lig te stel, dit is hoekom julle een ding publiseer en 'n ander ding vir die hof kom sê. -- Ek sê ek was nie by hierdie vergadering teenwoordig nie.

Die MSC-kampanje - 'n ander aspek - die MSC kampanje van UDF wat julle aan deelgeneem het, is dit so julle het deelgeneem aan die ding om te wys dat julle is betrokke in GRACA (30

en / ..

en julle versterk die "national liberation struggle" van UDF.

-- Dit is so, ja.

Wil u vir my blaai na bladsy 8 asseblief van dieselfde bewysstuk? Daar is 'n ding: "Letters: Dear Comrades", onder aan die bladsy. Hy is geskryf namens GRACA, afgesluit met "Aluta continua", met die nota: "Aluta continua comes from the Mocambiquan revolution and it means: the struggle continues". Nou wie namens GRACA het hierdie brief geskryf? -- Ek sien dit vir die eerste keer hier.

Maar het u dit nie gelees in die Grahamstown Voice nie? (10  
-- Daar is party van die goed wat ek mis.

Meneer, u is president. U weet tog seker van al die goed wat julle gaan publiseer in die media onder julle naam?  
-- Ek is veronderstel om daarvan bewus te wees ja, maar dit gebeur partykeer dat ek nie tuis is nie. Dit wil sê dat ek uit die distrik is, dan gaan ek Queenstown toe byvoorbeeld.

Want ek wil aan u stel hierdie brief kom werklik van GRACA af. Dit is nie net hier gesê vir die grap nie. -- Ja, u is reg.

Ek wil u net - edele, ons hoef dit nie in te handig (20  
nie. Kyk net na hierdie dokument wat ek hier aan u toon. Dit is 'n dokument gedateer 26 April 1984, Grahamstown civic association, aan die Sekretaris, CRADORA, Cradock. Ken u hierdie dokument? -- Ja, hierdie ene het ek gesien.

Dit is die een wat gerig was aan die sekretaris, CRADORA, Cradock? -- Ja.

Nou wil u vir die hof sê u weet nie dat hierdie ding - sy datum is weggevat en die adres, Secretary, CRADORA, Cradock is weggeneem en toe is hy net so gepubliseer nie?

HOF: Ek weet nie of u daarmee heeltemal reg is nie. Daar (30

is / ..

is sekere verskille in die brief as ek so vinnig kyk, en die gepubliseerde deel. U kan hom maar inhandig as u wil, dan kan dit op sy tyd vergelyk word.

MNR FICK: Soos die hof behaag. Kan ek dan vra dat hy opgehandig word as BEWYSSTUK CA.37? Het u 'n hand gehad in die skryf van hierdie bewysstuk? -- Ja, ek het deel gehad.

HOF: Die brief is BEWYSSTUK CA.37, dit is gedateer 26 April 1984. Het u dit geskryf? -- Mnr Mbutho het dit geskryf.

Mbutho? -- Dit was die organisasie wat dit opgestel het en geskryf het. (10)

Nou waar kom Mbutho in? -- Mbutho is eintlik die naam van die organisasie in Xhosa. Dit is eintlik GRACA. As ek praat van Mbutho dan praat ek van GRACA.

MNR FICK: En om watter rede het julle besluit om die spreuk "Aluta continua" te gebruik? -- Wat is die vraag?

Om watter rede het julle besluit om die spreuk "Aluta continua" te gebruik? -- Dit is die manier waarop dit opgestel was.

Ag nee, meneer, ons almal sien dit met ons oë. Die vraag is hoekom het julle dit gedoen? -- Dit is Latyn wat hier (20) geskryf is.

Die vraag is hoekom het julle dit gedoen, vir die derde keer? -- Dit is om te simpatiseer met die inhoud van hierdie brief, ten opsigte van hierdie persone wat hier in die brief genoem word.

HOF: Waarom skryf u Latyn, soos u dit noem?

MNR FICK: Veral as Goniwe 'n wiskunde onderwyser is. -- Verskoon my?

Veral as Goniwe 'n wiskunde onderwyser is. -- Dit is hoe ons dit goed gesien het om dit so op te stel en so laat (30)

skrywe / ..

skrywe het.

HOF: Ja, maar waarom gebruik u die term? -- Ek sal nie in staat wees om vir die hof te kan verduidelik hoekom hierdie gebruik was, maar ons het dit hier so geskryf.

MNR FICK: Is dit nie so nie, julle wou dit sterk stel dat julle sien julle is in 'n revolusie vir die omverwerping van die regering soos gebeur het in Mosambiek? -- Nee, dié het niks te doene gehad met die regering nie.

HOF: Wat beteken dit? -- Nee, ons het net met die mense van Cradock gesimpatiseer met hierdie brief. (10

Wat beteken "Aluta continua"? -- Nee, beter as wat daar geskryf staan kan ek dit nie verduidelik nie.

U loop gevaar dat daar geargumenteer gaan word aan die einde van die saak dat u ontwykend was wat dit betref. Wil u die vraag antwoord? -- Wat daar geskryf staan byvoorbeeld wat ek nou moet verduidelik was daar aangebring deur die sekretaris van die organisasie. Na dit geskryf was het ons dit net ge lees sonder om veel ag daarop te slaan, waaroor dit gaan. So dit is net so deur.

Is dit die eerste keer wat u die term hoor? -- Ja, dit (20 was die eerste keer.

En u vra nie wat dit beteken nie? -- As gevolg van die feit dat dit lank terug plaasgevind het, het ek al vergeet daarvan. Die rede daarvoor is dat ek nie Latyn op skool gehad het nie.

MNR FICK: Maar die dag toe u dit lees, dit te sien kry, hoekom vra u nie toe vir die man wat skryf jy hierso nie? -- Ek het hom daarvan gevra, dit is net 'n kwessie van vergeet. Hy het verduidelik, maar ek het vergeet wat sy verduideliking was.

Ek wil met u na 'n ander aspek toe gaan. U het vir die (30

hof / ..

hof gesê u was net betrokke by die MSC kampanje van die UDF, is dit reg? -- Ja.

Maar was julle, GRACA, nie ook betrokke by die behuisingskomitee van UDF nie? -- Nee, ons het nie. Die enigste ding waarin ons deel gehad het was in die "Million Signatures" campaign, het ons wel bygedra.

Nou ek wil aan u stel, of u is besig om vir die hof leuens te vertel of u weet nie wat in u organisasie aangaan nie. -- Maar in my antwoord nou net het ek aan u gesê ons het geen deel gehad aan die doen en late van UDF behalwe dat ons (10 deel gehad het met die uitvoering van die "Million Signatures Campaign".

Ek wil aan u 'n dokument toon, BEWYSSTUK AAZ.16. Dit is die notule van "THE HOUSING COMMISSION, February 10. Hiervolgens sien ons daarso op die eerste bladsy die organisasies "represented on the Commission": PEPCO, GRACA, CRADORA, RHODES, LRC, PAC. En "observers" was: COSAS, CRADOYA, AIC. En die voorsitter van hierdie komitee, van alle mense, was Phila Nkayi van GRACA. -- Wat is die naam van die persoon wat die voorsitter was? (20

Phila Nkayi. -- Ek het hier vir die hof gesê dat Phila GRACA verteenwoordig het by die ad hoc komitee.

Ja, maar antwoord nou net die vraag. Hiervolgens was Phila Nkayi die voorsitter by hierdie "Housing Commission" . -- Ja.

Nou sê u vir die hof u weet niks daarvan nie? -- Ek het gister hier vir die hof gesê dat GRACA by die ad hoc komitee verteenwoordig was deur Phila.

Nee, maar wag nou 'n bietjie. Daardie ad hoc komitee was net vir die MSC gewees. Is dit nie so nie?

HOF: Nee, dit was die "regional council" as ek dit reg (30  
onthou / ..



onthou. U kan maar vra. Ek het die indruk gekry dat dit op die algemene raad was van die streek.

MNR FICK: Phila Nkayi, was dié op die ad hoc komitee van die MSC of die verteenwoordiger op die UDF streek, of altwee? -- Dit is duidelik dat hy in die twee liggame GRACA verteenwoordig het.

Nou het hy nooit terug..

HOF: Kan u my net dit sê asseblief. Het julle 'n president gehad en 'n voorsitter? -- Waar nou, by watter liggaam?

By GRACA. -- Ek was die voorsitter, Phila was die vise-(10 voorsitter.

Ja, dankie.

MNR FICK: En het Phila nooit kom terugrapporteer aan GRACA oor waar hy by betrokke is, by UDF, en wat daar besluit is oor "housing" en "removals" nie? -- Al het hy miskien teruggerapporteer oor dit, ek kan dit nie onthou nie. Maar wat hier geskryf staan op hierdie dokument voor my, AAZ.16, se inhoud sien ek vandag hier in die hof vir die eerste keer.

Het hy nie aan u gerapporteer en gesê luister, kyk, dit is die werk van ons "civic", van GRACA, ons moet die mense (20 organiseer en oplei rondom behuising? -- Dit kan wees soos ek alreeds gesê het dat hy wel so 'n verslag gedoen het en dit gemeld het, maar soos ek sê ek sien hierdie dokument vandag hier voor die hof vir die eerste keer in my lewe.

HOF: Is daar enige erkenning oor hierdie dokument?

MNR FICK: Hy is deur getuienis ingehandig, hy is nie erken nie. As my geheue my reg bedien, hy is ingehandig deur die getuie Labuschagne.

ASSESSOR: Dit was Meister.

MNR FICK: Ek het 'n nota dat hierdie dokumente ingehandig (30

is / ..

is deur Labuschange, bladsy 5 363 tot 5 364. Dit is nie my eie nota nie, maar dit is 'n nota wat gemaak is op die dokumente.

HOF: Ja, dankie.

MNR FICK: Ek wil nou na heeltemal 'n ander aspek toe gaan met u, dit is die kwessie van die skole en die boikotte. Was daar skoleboikotte in 1983? -- 1983?

In Grahamstad se woongebiede? -- Ek onthou nie.

En in 1984? -- Ek onthou dit.

Was u op enige manier betrokke by enige komitee wat te (10 doene gehad het met die oplossing van hierdie probleme met boikotte, of om die boikotte beëindig te kry? -- Ja, daar was 'n komitee.

Was dit die "parents' committee" wat u van praat? -- Ja.

Nou is dit so dat die studente in 1984 onder andere geboikot het daar by julle omdat hulle gesê het hulle doen dit in opposisie teen die nuwe bedeling?

HOF: Praat u van skoliere of studente? Ons het 'n universiteit op hierdie plek, ons moenie deurmekaar raak nie.

MNR FICK: Ekskuus, ek sal dit so doen. Skoliere het geboikot in opposisie teen die nuwe grondwetlike voorstelle. -- Ja, dit is so.

En kan u vir die hof sê in 1984, ongeveer wanneer het die boikotte begin? -- Ek onthou nie presies wanneer dit was nie behalwe dat ek vir die hof kan sê dit was in 1984 gewees.

En tot wanneer het die boikot aangehou by die skole? -- Hulle het eers teruggekeer skool toe in die jaar 1987.

En hierdie boikotte by die skole, was dit by al die skole in die woongebiede van 1984 tot 1987? -- Dit was al die skole.

HOF: Hoërskole, laerskole? -- Al die skole. (30

MNR FICK: En was dit nou volbloed boikotte, die skoliere het nie klas toe gegaan nie of was dit boikotte dat hulle het by die skole opgedaag maar geweier om in die klasse te gaan? -- Dit was 'n kwessie van dat hulle glad nie skool toe gegaan het nie. Dit het wel gebeur partykeer indien hulle skool toe gegaan het dat die skoliere teruggekom het sonder dat daar enige klasse gehou was.

Nou 'n ander aspek, is dit nie so dat GRACA het op 16 en 17 Julie 1984 wel vergaderings gehou, een in die Noluthando saal - ek sal dit spel - dit is in Joza. Dit was op die 16de. Op (10 die 17de het hulle weer 'n vergadering gehou in die Albert saal, dit is in Fingo Village. -- Ja, dit is so.

En u was die voorsitter? -- Ek onthou nie meer nie.

Dit is die vergadering wat julle gehou het toe julle die Rhini "town council" uitgekryt het, vir hulle gesê het ja, hulle doen nie hulle werk nie, hulle vertel leuens as hulle vir die mense vertel daar word erwe beskikbaar gestel vir uitbreiding. -- As hulle praat van?

As hulle praat van daar word erwe beskikbaar gestel vir uitbreiding en dit is die een waar mnr Sandi, Ntsikelelo (20 Sandi gepraat het oor die UDF en die mense gevra het om almal die UDF se "Million Signatures" kampanje te ondersteun. Kan u dit nou onthou? -- Ek onthou nie, maar dit kan wees.

En ek wil aan u stel die volgende dag, 17 Julie, toe het julle almal, dieselfde sprekers dieselfde onderwerpe weer behandel maar dit was in Albertsaal in Fingo Village voor 'n ander gehoor. Is dit reg? -- Dit kan wees, ja.

Want dit is die vergadering, toe die vergadering uitgekrom het, toe die klomp mense in Raglanweg gaan marsjeer en vryheidsliedere gesing het maar daar was geen geweld nie. Hulle (30

het / ..

het net geloop en vryheidsliedere sing. -- Nee, ek het nie kennis daarvan nie.

Wag nou net so 'n bietjie. Wat beteken dit nou, ontken u dat dit gebeur het of is dit moontlik dat dit gebeur het maar u kan dit nie onthou nie? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek onthou niks daarvan nie.

Is dit so dat julle in GRACA het op 9 Augustus 1984 weer 'n vergadering gaan hou in die Albertsaal, Fingo Village? -- Dit is so.

Wie was die voorsitter? -- Ek kan nie met sekerheid sê (10 nie, dit kan wees, maar ek onthou nie meer nie.

Nou daar het u wel die raadslede beskuldig en gesê hulle sien glad nie om na die gemeenskapsbelange nie, hulle is net daar om na hul eie belange om te sien. -- Ja, dit is so.

Daar het toe 'n ander persoon gepraat, Ntsokolo Sandi. Is dit nou dieselfde persoon as Ntsikelelo?

HOF: Ntso..?

MNR FICK: Ntsokolo. Is dit dieselfde persoon as Ntsikelelo of is dit 'n ander persoon?

HOF: Die tweede naam was Ntsikelelo? (20

MNR FICK: Ntsikelele. -- Is dit Ntsokolo Ntsikelele Sandi?

HOF: Blykbaar is die vraag of Ntsokolo dieselfde persoon is as Ntsikelele? -- Nee, dit is twee verskillende persone.

Ken u hulle altwee? -- Ja.

MNR FICK: Is hulle altwee op die bestuur... -- Hulle is broers.

Ekskuus? -- Ja, dit is broers.

Hulle is altwee op die bestuur van GRACA? -- Ja.

Nou hierdie Ntsokolo Sandi het op die vergadering gepraat en hy het gesê die prosedure wat die raad neergelê het (30  
naamlik / ..

naamlik dat mense wat nie hulle huur kan bekostig nie en probleme ondervind om te betaal kan by die kantore aankom en hulle probleme stel en dan sal daar gekyk word of hulle gehelp kan word, is onaanvaarbaar. -- Dit kan wees dat hy wel so gesê het.

Ek sal ook vir u verder sê wat het hy gesê. Hy het gesê die probleem is die huur was R6 'n maand onder die munisipaliteit maar nou dat die "town council" hier is, is dit al R27 'n maand en dit is heeltemal te hoog. -- Ja, dit is so.

En hy het toe voorgestel mense moet bymekaar kom en (10 daar moet gemarsjeer word na die kantore toe. Reg? -- Ek onthou dit nie.

En toe het 'n persoon met die naam David Sandi gepraat en gesê die vroue moet deelneem. Hulle moet marsjeer na die kantore toe en as protes moet hulle - ek weet nie wat is 'n goeie Afrikaanse woord nie - 'n "sit in" hou daar by die kantore. -- Ek onthou nie dat dit gebeur het nie.

HOF: Sê u dit het nie gebeur nie of sê u dit is moontlik dat dit gebeur het maar u kan nie onthou nie? -- Ek onthou dit nie dat dit gebeur het. (20

MNR FICK: Daar het toe twee vrouens ook gepraat op hierdie vergadering waar jy die voorsitter was en hulle het gesê die vrouens moet verenig met die mans en die jeug in die stryd, want dit is ook vir hulle vryheid wat daar geveg word en hulle ondersteun die idee van die marsjeer en die "sit in". Kan u dit onthou? -- Ek onthou dit nie.

HOF: Is daar baie gepraat van "sit ins" in die leeftyd van GRACO? -- Ja, dit is so. Baie was gesê.

Oor "sit ins"? -- Ja, daar was so-iets gewees maar dit is nie uitgevoer nie. (30

Op / ..

Op die vergadering gepraat van "sit ins", hierdie besondere vergadering? -- Dit kan wees. Ek onthou nie meer nie.

MNR FICK: Nou is dit so dat u op 18 November 1984 by 'n vergadering was by die Nombulelo hoërskool? -- 18 Augustus?

18 November 1984. -- Ja, ek onthou.

Dit was 'n vergadering wat gegaan het oor die boikot. -- Ja, dit kan wees.

HOF: Boikot van wat was dit? -- Nee, ek weet nie. Die advokaat van die staat kan dit beter verduidelik.

MNR FICK: Ek sal dit nou vir u sê. Dit het gegaan oor die (10 boikot by die skole. -- Deur wie belê?

Dit is nie vir my duidelik nie. Al wat ek weet is dit was 'n vergadering wat gehandel het oor die boikot by die skole. En u was die voorsitter. -- Skoleboikot?

Ja. Kom ek gaan verder dat ons kyk of u kan antwoord. U het by daardie vergadering gesê dat GRACA is besig om te onderhandel en te kyk of hulle nie die owerheid so ver kan kry dat hulle die eindeksamen uitstel na Februarie 1985 toe, sodat die matrieks dan kan eksamen skryf nie. -- Ek wil 'n bietjie duidelikheid hê. Was dit GRACA of was dit die "parents" liggaam (20 wat daar gesit het.

Ek weet nie. Ek het vir u al so gesê. -- Dit kan wees.

HOF: Kan wees wat? Watter een van die twee? -- Ek dink amper daardie vergadering was vir die ouers gewees waar daar 'n versoek gerig was aan ons dat ons met die skoolowerhede moet gaan praat.

MNR FICK: Nou die vergadering wat ek aan u stel u die voorsitter was, is 'n sekere persoon met die naam van Douglas Rwentela ook gepraat. -- Ja, dan was dit die ouers se liggaam vergadering.

(30

Hierdie / ..

Hierdie Douglas is hy ook op die bestuur van GRACA gekies?

-- Hy was nie op die bestuur nie maar wel 'n lid van GRACA.

Nou ek wil aan u stel die man het gepraat en gesê daar is met die distrikskommandant onderhandel en die boodskap van die distrikskommandant was gewees dat die geweld moet nou 'n einde kry. -- Ja, as die ouers se liggaam het ons die owerhede daar gaan sien maar nie as GRACA nie.

HOF: Bedoel u met owerhede die polisie of bedoel u ander owerhede? -- Departement van onderwys en opleiding.

MNR FICK: Nou moet u maar net luister wat ek sê en dan (10 daarop antwoord, asseblief, dan kan ons klaarkry. Ek sê vir u dat hierdie Douglas Rwentela het gepraat op die vergadering en gesê daar is onderhandel met die distrikskommandant en die boodskap van die polisie is dat die geweld by die skole moet nou einde kry. -- Ja, dit is so.

En hy het toe verder gesê dat die eis van die studente, die skoliere, vir 'n SRC by hulle skole sien hy dat die regering gaan nie kopgee nie. -- Ja, dit is so.

En hy sê toe verder dat die polisie se teenwoordigheid by die woongebiede dra by tot die geweldpleging. -- Ja, dit is so.

En hy sê toe verder dat die jeug het nie meer 'n ander opsie nie, want die regering wil nie toegee aan hulle eise nie; geen ander opsie nie as om die geboue te brand, om die regering by te kom dan kan hulle sien hulle moet betaal vir nuwe geboue. -- Ek onthou dit nie, maar ons het probeer om met die owerhede te praat dat die kinders kan teruggaan skool toe en gaan leer dat alles gelos word.

U weet, ek kan nie verstaan dat u die hof kan 'n antwoord gee soos u kan dit nie onthou nie. Ek stel aan u dat u probeer die waarheid wegsteek met daardie antwoord. Jy weet voor (30

jou / ..

jou siel dit is wat gesê is en dan kom jy met so 'n antwoord soos jy kan nie onthou nie. -- Nee, ek kan niks verder sê om by te sê daarop nie, maar ek kan nie onthou dat daar iets gesê was van geboue wat aan die brand gesteeek sou word, of die skole nie. Ek weet nie daarvan nie.

DIE HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE / DIE HOF HERVAT

K1395

DIKHELA BILLY NDWEBISA, nog onder eed (deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: Meneer, u het vir die hof gesê dat hierdie mnr Douglas Rwentela was 'n lid van GRACA maar nie op die bestuur nie? -- Ja, hy was nie bestuur nie. (10

Was hy nooit op die bestuur van GRACA nie? -- Eers later was hy.

Wanneer later? -- As ek reg is dit was in 1985 of 1986 gewees.

Was dit nie op 13 Maart 1985 wat hulle hom aanvaar het as bestuurslid van GRACA nie? -- Ja, dit is so.

Nou is ons nog besig met die vergadering van 18 November 1984 by die Nombulelo hoërskool. Is dit nie so dat Mkhuseleli Gqeke..

HOF: Nee, u spel dit te vinnig, Mkhuseleli is M-k-h-u-s-e-l-(20 i?

MNR FICK: En die van is G-q-e-k-e. -- Hoe spel u die van? Gqeke. -- Ja, dit is Gqeke (korrigeer uitspraak).

HOF: Ja, nou wat van hom?

MNR FICK: Hy was 'n spreker by hierdie vergadering? -- Ja.

En hy het 'n beroep gedoen op die ouers om by die jeug te staan in hierdie stryd vir hulle vryheid. -- Ja, dit is so.

Enhy het gesê COSAS het die jeug se oë oopgemaak in Suid-Afrika dat hulle kan sien waaroor die stryd gaan? -- Dit kan wees, al kan ek nie alles onthou wat daar gesê was nie, (30  
maar / ..



maar dit is 'n moontlikheid dat dit wel so was.

Nou is dit nie so dat op 6 Januarie 1985 die middag het julle weer 'n vergadering gehou by die Nombulelo skool waar u weer die voorsitter was? -- Ja, dit kan wees.

U het toe gesê dat die meeste ouers wil hê die skoliere moet teruggaan skool toe as hulle heropen op 9 Januarie 1985.  
-- Ja.

En toe het die skoliere wat op die vergadering was geskreeu hulle weier om skool toe te gaan of om eksamens te gaan skryf.  
-- Ja, dit was so. (10

En u sê toe vir die skoliere: maar julle moet nou besluit wat julle wil doen, of julle wil skool toe gaan of nie, want die ouers wil hê julle moet gaan. -- Ja, dit is so.

Toe het hierdie Douglas Rwentela weer gepraat op die vergadering. -- Wat van hom, wat het hy gesê?

Hy het weer gepraat op die vergadering en hy het toe vir die mense gesê julle moet pasop wat julle sê op die vergaderings want êrens is die polisie-"informers" want die vorige keer toe ek gepraat het, het die polisie vir my baie vrae te vra gehad. -- Ja, dit is so. (20

Toe het hy verder gesê dat hy het met die leiers van die skoliere, dit is COSAS, by Grahamstad gepraat en die houding is die skoliere sal net teruggaan op voorwaarde dat al die skoliere wat aangehou word, word vrygelaat. -- Ja, dit is so.

Nou hierdie sale waar julle die vergaderings gehou het, die Albertsaal en die ander een in Joza..

HOF: Wag, kom ons kry maar weer sy naam.

MNR FICK: Ek kan nie sy naam onthou nie. Wat is die saal se naam in Joza? -- Nolithando.

Ja, hierdie sale is gemeenskapsale, is dit reg? -- Ja, (30

dit / ..

dit is so.

En julle het toestemming gehou om die vergaderings te hou wat julle wel daar gehou het? -- Ja, ons het die toestemming gehad.

Ek wil aan u stel u weergawe hier in die hof en in sekere bewysstukke voor die hof, dat julle geweier was om die sale te gebruik, is vals. -- Dit is wat u dink en dit is u siening. Wat ek van weet is dat ons het nie weer toestemming gekry om gebruik te maak van die sale nie.

Ek wil dan met u gaan vervolgens na die begrafnis van (10 Patrick op 9 November 1984.

HOF: Wat is sy van?

MNR FICK: Ndyagolo.

HOF: Nou kan ons net die spelling weer kry. Ek kan hierdie name nooit onthou nie.

MNR FICK: Ndyagolo. Hy was 'n seun van 16 jaar oud, is dit reg? -- Ja.

En hy was 'n skolier? -- Dit is so.

Nou om watter rede het u die begrafnis gaan bywoon? -- Enige persoon kan 'n begrafnis bywoon. 'n Mens hoef nie ge- (20 nooi te word om 'n begrafnis by te woon nie.

Ja, meneer, maar enige mens woon ook nie enige begrafnis by nie. Nou vra ek vir jou weer hoekom het jy hierdie een gaan bywoon? -- Ek gaan gewoonlik na die begrafnisse toe. Ek het dus nie 'n rede gehad hoekom ek nie na hierdie ene toe moet gaan nie.

Woon u alle begrafnisse by wat u van hoor? -- Ja, ek gaan.

Het u die oorledene geken of sy familie? -- Ek ken sy ouers.

Van sien? U is nie vriende nie? -- Dit is mense wat ek (30

ken / ..

ken.

HOF: Nou laat ons net - wat beteken dit? Kom u by hulle aan huis of is hulle in dieselfde kerk as u? -- Ons ken mekaar as inwoners. Ons ken mekaar, ons praat met mekaar, ons groet mekaar daar. Ons praat eintlik met mekaar as ons mekaar sien.

MNR FICK: Nou u sê u was toe daar by die huis van die oorledene? -- Ja, op die dag van die begrafnis.

En u sien toe daar is baniere van AZAPO, COSAS en SAAWU?  
-- Ja.

Een van elkeen of 'n paar van elke organisasie? -- Elk (10 van die organisasies het 'n banier gehad.

Hoe lyk AZAPO se banier? -- Ek sal nou nie onthou wat die kleur van die banier is nie, maar daar is groen ook in daardie kleur.

Is dit al wat u kan onthou van AZAPO se banier, daar was groen ook in? -- Ek onthou nie die ander kleure nie.

En die SAAWU banier? -- SAAWU het 'n banier maar ek onthou nie wat die kleur van die banier is nie.

En wat het die mense met die baniere by die huis kom maak?  
-- Dit was aan die muur vasgeslaan om 'n aanduiding te gee (20 dat die oorledene lid was van 'n organisasie.

U kan seker nie met enige mate van erns beweer dat 'n 16-jarige skolier lid was van SAAWU nie? -- Nee, ek kan u nie hoor nie.

U kan seker nie met enige mate van erns beweer dat 'n 16-jarige seun, skolier, is 'n lid van SAAWU nie? -- Ek het dit nie gesê nie. Ek het gesê dat indien daar 'n lid van 'n organisasie oorlede is die ander organisasies sal ook die begrafnis bywoon met die vlag van die organisasie. Dit wil sê van die ander organisasies waarvan hy nie 'n lid is nie. (30

Nou / ..

Nou daardie baniere is nou daar teen die huis en wat gebeur toe? -- Die polisie het opgedaag en die baniere van die muur af verwyder.

En wat maak die mense toe die polisie dit doen? -- Wat kon hulle gedoen het?

Het die polisie vir julle gesê hoekom haal hulle die baniere af? -- Hulle het met niemand gepraat nie, hulle het net die vlae daar verwyder.

Maar weet jy nie daarvan dat daar beperkings geplaas was deur die landdros op hierdie begrafnis dat daar mag nie (10 baniere gewees het onder andere nie? -- Al weet ek daarvan ek het geen reg gehad om enige iets te doen nie.

HOF: Nee, dit is net die vraag, of u daarvan geweet het. -- Ja, ek het daarvan gehoor.

MNR FICK: En jy het ook daarvan gehoor dat die kis mag net per voertuig vervoer word en die stoet mag ook net per voertuig beweeg? -- Ja, ek het dit gehoor.

En dit is alles goed wat julle toe nie nagekom het nie. Julle het geloop in die stoet en julle het, die kis is gedra per hand? -- Ons het toestemming gehad om dit te doen. (20

Ag nee, asseblief man, jy het nou net gesê jy weet daar was sulke beperkings gewees. Nou wie het julle dan toestemming gegee om dit te doen? -- Vanaf die huis van die oorledene na die begraafplaas toe is 'n baie kort distansie. Ek neem aan dit is die besluit wat geneem is met die polisie dat daar geen vervoer gebruik sal word nie.

Jy moenie staan en spekuleer nie, meneer. Die vraag is julle weet die landdros het beperkings geplaas dat hierdie kis mag nie vervoer word per voet nie en julle mag nie per voet stap nie. Nou waarom doen julle dit? -- Wat ek nie van (30

seker / ..

seker is nie, is of dit nou gesê was voor hierdie begrafnis of na dit, maar wat ek nou net vir die hof met sekerheid kan sê is dat dit wel so gebeur het.

Nou toe die polisie die baniere verwyder het, wat het die polisie met die goed gemaak? -- Ek weet nie, hulle het dit afgeneem.

En het iemand later weer daar met baniere opgedaag, enige iemand by die huis? -- Ek het dit nie gesien nie.

Nou die mense wat daar opgedaag het vir die begrafnis, het hulle organisasies se T-hemde aangehad of het hulle (10 gewone klere aangehad? -- Ek het dit nie gesien nie.

Het almal gewone hemde en broeke en baadjies gedra? -- Ek weet nie, ek het nie so opgelet dat ek kan sê watse klere het die mense aangehad nie. Wat ek wel kan sê is dat mense het die begrafnis bygewoon. Ek het dus nie opgelet watse klere hulle aanhet of hoe hulle daar beweeg het nie.

Nou u het vir die hof gesê COSAS het gesê dit is hulle lid hierdie wat dood is en AZAPO het gesê dit is hulle lid, en AZAPO het toe die twis gewen. Maar u het nog nie gesê hoe het hulle bewys dat hierdie skolier hulle lid is nie. -- Ja, dit (20 is so.

Maar hoe het hulle dit reggekry? Hoe het hulle die mense oortuig dit is hulle lid hierdie? -- Ons was nie daar gewees vir daardie doel nie. Die doel waarvoor ons daar was, was om te begrawe. Wat gebeur het daar is dit wat plaasgevind het - nou ja, dit is wat gebeur het.

Kyk, moenie om die ding hardloop nie. Die hof het al vantevore vir jou gesê jy moet die vrae antwoord. Nou sê ek vir jou asseblief, antwoord die vraag. Hoe het AZAPO die mense oortuig dit is hulle lid hierdie? -- Deur wie die reg gegee? (30

Ek / ..

Ek wil aan u stel dat u getuienis dat AZAPO hierdie skolier geëis het as hulle lid, is 'n klomp onsin. Dit is glad nie die waarheid nie, dit het nooit gebeur nie. -- Wat het dan gebeur?

Daar was nooit so-iets gewees nie. -- As u dit sê. Ek weet van wat u nou praat nie.

Meneer, ek wil aan jou stel jy is besig om weg te steek vir die hof dat hierdie 'n COSAS en 'n UDF begrafnis was, man. -- Was u daar gewees?

Antwoord die vraag. Wil u antwoord of nie antwoord nie? -- Wat sal ek antwoord as u sê ek lieg? (10

Stem u saam? Of kan jy dit nie antwoord nie? -- Ek het jou gesê. Wat moet ek nog antwoord?

Meneer, jy weet, daar is heeltemal 'n ander stelling gemaak in hierdie hof oor hoekom daar nie COSAS en UDF baniere was op hierdie begrafnis nie, as wat u vir die hof kom sê. Daar is nooit vir die hof gesê dat die mense wat by die begrafnis was gaan kom sê dat die polisie het die goed kom wegvat nie. Daar is gesê dat AZAPO EN AZASM, jy het nog nie eens gepraat van AZASM nie, het die begrafnis oorgeneem en hulle het UDF en COSAS belet om baniere te dra by die begrafnis. En dit (20 staan in volume 107, bladsy 5 296. -- Wat dan?

HOF: Ekskuus, wat is die antwoord? -- Wat dan?

Wat dan.

MNR FICK: Daarom stel ek aan jou jy vertel leuens oor wat daar gebeur het by die begrafnis. Wat is die waarheid? Het AZAPO en AZASM die mense belet om baniere te vertoon of het die polisie die goed gevat? -- Die polisie het die baniere wat daar was verwyder.

En nou, meneer, nou stap julle na die begraafplaas toe. Het daar iets buitengewoon gebeur terwyl julle na die graf (30

toe / ..

toe loop en totdat julle die oorledene begrawe het, nadat die polisie die baniere weggevat het? -- Niks het gebeur nie.

Niemand het daar kom rapporteer of geskree daar om die graf en gesê daar het iets gebeur met hulle nie? -- Ek onthou nie.

En die kis, het dit blomme opgehad of was daar niks op die kis nie? -- Ek onthou nie.

Was daar niks? Kan u nie onthou of daar iets buitengewoons op hierdie kis was, wat normaalweg nie op 'n kis is nie? -- Daar is niks wat ek onthou nie. (10

Sover u kan onthou was dit 'n skoon kis? -- Ek kan nie sê nie, maar ek onthou nie van iets nie.

As daar 'n banier of 'n vlag bo-oor die kis was dan sou u dit onthou? -- As dit 'n groot ding was wat op die kis geplaas was, sou ek dit onthou het.

Soos 'n groot vlag of 'n groot banier? -- Ek kon dit gesien het.

Jy sou dit onthou het? -- Ek sou dit onthou het net soos hierdie baniere wat ek onthou dat dit weggeneem was.

Jy sien, dit is die ander stelling wat gemaak is, dat (20 daar sou 'n groot AZAPO banier oor die kis gewees het.

HOF: Bo-oor of op?

MNR FICK: Op die kis. Ek sal die presiese woorde kry. Is u in staat om te erken of te ontken dat daar 'n groot AZAPO banier oor die kis gedrapeer was? Bladsy 5 298, reël 14. -- Ek het dit nie gesien nie.

Jy weet, meneer, daar is gestel - u het vir die hof gesê u het nooit gesien die polisie het dié dag traanrook gebruik nie, is dit reg? -- Ek het nie die polisie gesien dit gebruik nie. Ja, ek het so gesê. (30

En / ..

En was julle baie mense by die begrafnis of hoeveel begrafnisgangers was julle omtrent? -- Ons was vreeslik baie. Ek onthou nie.

Toe julle gestap het na die begrafnis, het julle almal weer gestap in die rigting wat julle gekom het? -- Nee, dit gebeur nie.

Hoe het julle gemaak toe die begrafnis oor is? -- Ons, die ouerige mense, het agtergebly waar ons besig was om die graf toe te gooi.

Hoeveel mense het agtergebly wat die graf toegegooi het (10 of wat daar gestaan en kyk het? -- Ek sal nie weet hoeveel mense agtergebly het nie.

Ag nee, meneer, jy was daar gewees. Was dit meer gewees as honderd? -- Ek sal nie weet nie.

En terwyl julle die graf toegegooi het, het julle enige polisie gesien? -- Die polisie was daar in die omgewing gewees aan die oorkant van die plek waar ons besig was om die graf toe te gooi. Na die meeste van die mense die graf verlaat het terwyl ons besig was nog om die graf toe te gooi, het die polisie toe weggegaan. (20

In dieselfde rigting as die mense wat geloop het van die graf of in 'n ander rigting? -- Die mense loop te voet, met die polisie wat per voertuie daar gery het.

Ag nee, antwoord net die vraag. Het die mense in een rigting geloop en die polisie in 'n ander rigting gery? -- Ek sal nie weet of hulle dieselfde rigting of watter rigting hulle geloop het of die polisie gery het nie. Al wat ek vir die hof kan sê is dat hulle weg was van waar ons was by die begraafplaas.

En daar het niks buitengewoon gebeur soos die mense (30  
weggestap / ..



weggestap het van die graf af nie? -- Waar, by die graf?

En soos die mense weggestap het, solank u hulle nog kon sien loop? -- Die mense is daarvandaan weg, verneam die jong mense is weg daar. Hulle het weggegaan en die polisie het later ook weggegaan. Die weggaan van die jong mense vanaf die graf het hulle gehardloop en daarna het die polisie ook toe weggery.

HOF: Hardloop hulle weg van die graf af? -- Ja.

Hoekom? -- Ek sal nie weet hoekom nie, maar die feit is dat hulle weggehardloop het, toe hulle weggekom het van die (10 graf.

MNR FICK: En hoe lank daarna is die polisie weg? -- Ek weet nie, ek het nie daarna gekyk nie. Wat ek wel kan sê is dat die polisie ook weg is.

Laat ek vir u so vra, toe die jonges nou daar weghardloop toe het jy die polisie nog daar gesien waar hulle was? Is dit reg? -- Toe wat?

Toe die jong mense weghardloop, was die polisie nog daar waar u hulle laas gesien het? -- Die polisie is eers na die weghardloop van die jongmense weg. (20

Nou kan u nie 'n maklike vraag antwoord en vir ons sê hoe lank daarna nie? -- Nee, maar ek is besig om die graf toe te gooi, ek sal nie weet hoe lank daarna die polisie weg is nie.

En die rigting waarin die jongmense weghardloop, watter rigting is dit toe nou? -- In die rigting van die lokasie.

Is dit nou daar na Raglanweg se kant toe? -- Raydonweg? Raglanweg se kant toe. -- Ja.

Nou u weet, hier is gestel aan die getuies dat voor die oorledene nog begrawe is, soos die stoet nog aankom na die graf toe, toe het die polisie al raanrook gegooi na die agter- (30

kant / ..

kant van hierdie stoet van julle. Wat sê jy daarvan? -- Ek het nie so gesê nie.

Edele, dit staan in volume 107, bladsy 5 299. Jy weet daar is verder gestel dat soos hierdie groepe in verskillende rigtings van die graf af wegbeweeg het, het die polisie wegbeweeg agter hierdie groepe af wat van die graf af kom en hulle het hulle met traanrook geskiet? -- Dit is nie ek wat dit gesê het nie, ek weet nie daarvan nie.

Is dit verkeerd? -- Dit is nie wat ek gesê het nie.

Nou behalwe dit het die polisie nie net traanrook (10 gebruik nie, hulle het begin skiet met donshael en rubberkoeëls ook? -- Ja, maar dit is wat u daar lees en dit is nie wat ek gesê het nie.

Dit het nie gebeur nie? -- Ek het dit nie gesê nie. Ek het ook nie so getuig nie.

Weet u dat daar geweld losgebreek het dié dag in die woongebied? -- Ek weet daarvan.

Het u gesien toe daar 'n klipgooiery in Raglanweg aan die gang was na voertuie wat daar verbygery het? -- Hoe sou ek dit gesien het as ek daar agtergebly het? (20

Watter geweldpleging het jy dan gesien na die begrafnis? -- Ek het eers by die huis die aand gehoor na ek daar gekom het dat die biersaal met klippe bestook was en is ook aan die brand gesteek.

Nou 'n laaste aspek, het julle nie daar die gebruik dat na 'n begrafnis gaan julle na 'n huis toe en gaan was hande nie? -- Dit word gedoen.

Nou was dit gedoen hierso? -- Ja, die mense wat daar teenwoordig was het dit gedoen.

En die klomp jeugdiges wat weggehardloop het van die (30 graf /..

graf af? -- Dié het nie hande gaan was nie.

En die handewas het normaal verloop by die huis, is dit reg? -- Ja.

Ek dank u, ek het geen verdere vrae nie.

RE-EXAMINATION BY MR TIP: May it please the court. Counsel for the state put to you that your evidence that you were refused use of the community halls in Grahamstown was false. Do you recall that? -- Yes, I do.

Now at the time did it happen that GRACA wrote to the Rhini town council about this issue? -- Yes, we did write. (10

And were you party to drawing up those letters? -- That is so.

May I seek your lordship's guidance at this stage? We had not wanted to burden the exhibits with further documents, but it has become necessary to tender some to the witness. We haven't copies available but that would..

COURT: But if you want to hand it in, you are entitled to hand it in. You can read it into the record, ask the witness to identify the document. I think it will be just as effective. (20

MR TIP: Perhaps, m'lord, since most of these letters are fairly lengthy it might do what is required if I were just to get on record the date, the addressee and the little portion identifying the subject matter.

COURT: Then hand it in later?

MR TIP: Hand it in later.

COURT: Could you just mark it then, or you can hand it to my registrar, he can make copies.

MR TIP: As the court pleases. Would you look first of all at a letter dated 6 June 1984, addressed to the town clerk (30

of / ..

of the Rhini town council headed: "Rhini town council's refusal to grant GRACA the use of community halls in Grahamstown". -- Yes, this is the letter.

Thank you. M'lord, that would be DA.193.

COURT: Could I just have a look at the document?

MR TIP: As the court pleases.

COURT: Yes, this goes in as DA.193. It is a letter to the town clerk of the Rhini town council, 6 June 1984.

MR TIP: As your lordship pleases. As the next one is a letter dated 14 June 1984, also to the town clerk, Mr J P Celliers, (10 Rhini town council, concerning access to community halls in Grahamstown. Is that also one of the letters? -- Yes.

Thirdly, a letter dated 3 September 1984, addressed to the same person. Headed: "Refusal of access to community halls". I am sorry, I am running a little ahead of the..

COURT: I haven't got the date there. What was the date?

MR TIP: The second one was 14 June.

COURT: And the other one? -- 3 September.

MR TIP: DA.194 and the one of 3 September, DA.195.

COURT: Yes. (20

MR TIP: And then a second aspect and last aspect, my learned friend put to you several times that from the very start of GRACA's formation it would have absolutely nothing to do with the authorities. Do you recall that? -- Yes.

Now I would like to show you some - you mentioned some correspondence. Did that correspondence begin with the formation of GRACA and then it continued? -- Yes, that is so.

And were you party to such correspondence? -- That is so.

MNR FICK: Net voor u aangaan, as my geheue my reg bedien dan het die getuie uiteindelik toegegee dat hulle het nie (30  
saamgewerk/..

saamgewerk nie.

HOF: Ja, maar hy het gesê ons het nie met hulle samesprekings gevoer nie, ons het wel met hulle korrespondensie gehad. Nou wil die verdediging die korrespondensie voor die hof plaas.

MNR FICK: Maar ek het nie die korrespondensie betwis nie. Op watter basis word dit nou toegelaat?

HOF: U het dit betwis op die basis dat daar glad nie samewerking was nie en nou mag dit uit die korrespondensie blyk dat hulle samewerking gesoek het.

MNR FICK: Maar dan, met respek, sy getuienis soos ek dit het, (10)  
hy het uiteindelik toegegee dat dit is so, dat hulle het nie saamgewerk nie. Hulle wou nie saamwerk nie, hulle wou niks met hulle te doen gehad het nie.

HOF: Dit mag wees of dit mag nie so wees nie, maar die advokaat vir die verdediging is seker geregtig om dit reg te stel as daar 'n verkeerde toegewing is?

MNR FICK: Om sy eie getuie te diskrediteer?

HOF: As die getuie die saak verkeerd gestel het en jy kan dit regstel, ja.

MNR FICK: Soos die hof behaag. (20)

MR TIP: I am indebted to your lordship. It is to clarify the reply given. I want to show you first of all a letter dated 9 November 1983 addressed to the township manager of ECAB and is that the Eastern Cape Administration Board? -- That is so.

And the subject matter of that is given as: "Housing in the Grahamstown townships". Would you look at that? -- That is the letter.

COURT: It will go in as DA.196.

MR TIP: As the court pleases. Secondly a letter dated 15/11/83 also to the township manager of ECAB concerning evictions (30

in / ..

in the townships. -- That is so.

DA.197, m'lord?

COURT: Yes.

MR TIP: I want to show you next copies of two receipts for certified postal items bearing the address of the township manager of ECAB..

COURT: Just a minute now. Are those the receipts for the - you mean the posting or the receipt?

MR TIP: It is the post receipts of a different item.

COURT: The registered slip?

MR TIP: The registered slips, yes.

COURT: Of these two letters?

MR TIP: Not of those two letters, no.

COURT: Very well, what are you handing in then?

MR TIP: Beneath that is written: Petition from Makana's Kop Ext.1, petition sent by Grahamstown civic association.

COURT: Yes, but wait a moment now, Mr Tip. What are you handing in? Are you handing in a photostat, of what? And who - is it written on the photostat?

MR TIP: It is written on the photostat, yes.

COURT: Then it is not the original you are handing in. Who wrote it on the photostat or is it part of the photostat? Is it written in later on the photostat?

MR TIP: Oh, no, no, it is not on the slip itself. It is evidently part of the record retained by GRACA. But perhaps I could just ask the witness, without putting this in. Did GRACA at any time prepare petitions for submission to the East Cape administration board? -- Yes.

And what did those petitions concern, very briefly? --  
About rent.

(30

Yes. / ..

Yes. I won't put in the photostat copies. I would like to show you a copy of a letter dated 29 December 1983, addressed to the manager, Mr D Bush, East Cape administration board on the question of housing in Grahamstown's black townships. Can you identify that? -- I know the letter, yes.

DA.198?

COURT: Yes.

MR TIP: Then two items further, dated 18 April 1984, addressed to the minister, ministry of co-operation and development on the subject of housing in black townships. Can you identify that? -- I know this letter as well.

DA.199. And finally, a letter dated 21 June 1984 to Mr J P Celliers, Rhini town council, on the subject of GRACA delegation. Can you identify that? -- I know this one as well.

DA.200. I am indebted to your lordship. Copies will be prepared.

COURT: Yes, we have this difficulty that I cannot excuse this witness unless I have read the documents.

MR TIP: I understand.

COURT: So you can wait while I read it in court or the witness can come back tomorrow morning and if there are any questions about them, then we can ask them then; but if I excuse him now and he goes back to the Eastern Cape, and there is anything in the documents that we want to ask him a question on, we have a difficulty. (20

MR BIZOS: As it concerns the future conduct this afternoon and tomorrow, may I appeal to your lordship to take a short adjournment and have a look at the documents. I have a witness ready from Huhudi who is going to be reasonably long if we judge by previous - but a witness is coming from Cape Town (30

for / ..

for a short while, specially up and I do hope to be able to call him first thing tomorrow morning. So it may well be that this afternoon - and I do know that these two witnesses are anxious to get back to the Eastern Cape.

COURT: Now what is the situation as far as this witness is concerned? Does he want to go tonight?

MR BIZOS: He and the previous witness I think may be booked - they are booked on a flight tonight.

COURT: Well, then I will take an adjournment, read the documents through, then Mr Fick can have a look at them and we (10 can see whether we can conclude the evidence.

MR BIZOS: We are indebted to your lordship, because it may also help that the witness from Cape Town will not wait for the witness.

COURT: Very well, we will take a short adjournment.

THE COURT ADJOURNS / THE COURT RESUMES

DIKHELE BILLY NDWEBISA, still under oath (through interpreter)

COURT: You have completed your re-examination?

MR TIP: I have indeed, m'lord, thank you.

COURT: Thank you very much, we have read the documents and (20 you are excused from further attendance.

NO FURTHER QUESTIONS

MNR FICK VRA OM VERSKON TE WORD.

MR BIZOS: I am in your lordship's hands. The witness is readily available. There is a person, a newspaper person who is coming from Cape Town. We have foreshadowed in our opening address that we would prove the statement made by Dr Boesak shortly before 8 January 1983, a call for a united front. Your lordship will find that on page 7 653 of the record in the opening address. Now we have made a definite (30 arrangement/ ..



arrangement for him to fly in tonight and we have made an express promise - of course we can never make it in absolute terms - that he would be back tomorrow. I am concerned that if we start with a Huhudi witness I may have to ask your lordship to interrupt the witness tomorrow if it looks as if my learned friend will not finish with the witness before the end of the day, to take the other witness. I am merely putting the problem to your lordship. I do not know whether your lordship..

COURT: Yes well, I appreciate your problem. Let us cross the bridge when we come to it, but we cannot waste this (10 afternoon.

MR BIZOS: As your lordship pleases. I will call the witness. One hopes that we may finish the witness and the other one tomorrow.

COURT: We never know.

LESEDI HILDA MOKETSI, d.s.s. (through interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS: You live in Huhudi, are you 40 years of age, married with four children? -- Yes.

Did you go to school up to st.V? -- Yes.

For how long have you been living in Huhudi? -- I went (20 to stay there in 1964.

And when did you first hear of the proposal that the people living in Huhudi may or would move to Pudimoe? -- From somewhere towards the end of the year 1978 until some time in 1980.

What did you hear during this period? -- That Huhudi was moving to Pudimoe.

Now you mentioned 1978. Were there elections on 1978 or thereabouts? -- Yes, there were elections in 1978.

And at the time that there were these elections, was (30 there / ..

there already talk about the possibility of removal or not?

-- No, it had not started yet.

After the talks started that people would move, were there any improvements made to Huhudi? -- No, there was none.

And what about the rent? Did the rent remain the same, or was it increased, decreased? -- It was increased.

Did any people move out of Huhudi to Pudimoe? -- Yes, there were.

Can you remember when that was? -- It was in 1982.

Was there a council there in Huhudi in 1982? -- Yes, (10 there was.

What was your view, was the council in favour of the removal or against the removal at the time people started moving out of Pudimoe? -- It was against that.

And did you yourself have any complaints against the councillors? -- Yes, I had complaints.

What complaints? -- My complaint about them was that they were saying we were moving to Pudimoe when we in fact did not want to move to Pudimoe.

When and where did one or other of the councillors say (20 that you were moving to Pudimoe? -- It was in Huhudi hall.

Was there a meeting in that hall? -- Yes, a meeting was held.

Were you present? -- Yes, I was present.

Please tell us in your own words what happened at that meeting? -- What they said to us at this meeting was that the government says that we are moving to Pudimoe.

Carry on? -- And people present there, the audience, indicated that they were not in favour of going to Pudimoe.

Yes, carry on? Can you remember whether the (30

councillors / ..

councillors said anything when the people said they were not prepared to move to Pudimoe? -- Yes.

What did they say? -- That is the councillors said that we are being told by the government that we are going to be moved to Pudimoe. The community said that it was not prepared to move to Pudimoe.

Yes, and after the community said that, did the councillors say anything? -- Yes, the councillors did say something to the community.

What did they say? -- Because of the doubt from the (10 community doubting the capability of the council about this issue, the council suggested that they choose some people who will accompany them, the council, to Kimberley.

Yes, and was that proposal accepted? -- Yes, it was accepted by the community.

And what happened at the meeting after this proposal was accepted? Did you do anything further at the meeting? -- The delegation which was to go with the councillors was elected.

What was the delegation that was to go with the councillors to do? -- They were supposed to have gone with the council- (20 lours to listen to what the councillors are saying about what they had been asked to go and present by the community.

And did the community elect the people?

COURT: Yes, they were elected.

MR BIZOS: I am sorry. I want to leave the names because I do not think that your lordship...Do you know whether there was a report back meeting? -- Yes, I know.

Did you go to that meeting? -- Yes, I did go.

What happened at this meeting? -- The meeting was opened with a prayer and then the report back was made to the (30 community / ..

community present there, that the people, the delegation which had gone with the councillors was not permitted in Kimberley.

Was not permitted to what? -- To be present at the discussions which were held with the councillors in Kimberley.

Who made that report? -- The people who were delegated to accompany the councillors made that report.

Were the councillors present when that report was made? -- Yes, they were present.

Did any councillors say anything contrary to the report made by the delegates? -- Just repeat that? I am not certain of what I have understood. (10

Yes, once the delegates said that they were not allowed to go and speak to the people in Kimberley, did any councillor agree with the delegates or disagree with the delegates, or say anything else? -- Yes.

What? -- What they said was that the office to which they had gone, refused permission that these people, the delegation be present at the discussions.

How did you, and if you are able to say the people at the meeting react to this report back that the delegation was refused permission to take part in the discussions? How did the people feel about that? -- The feeling of the audience there from the community was that the councillors were not trustworthy. (20

Was any suggestion made at the meeting as to what should happen in this situation? -- Yes, there was.

What was the suggestion? -- It was decided by the community there at this meeting that other people be elected who can be of assistance in opposing or resisting the removal.

And was that done? -- Yes, it was done. Some people were / .. (30

were elected.

Do you remember how many? -- Yes, I do.

How many? -- I am not quite certain but it is between four and five.

What were these people elected for? -- They were elected with a view that they will assist the community.

Now the councillors at this meeting with this report back, did any one or other of them say what they felt about the removal? Whether they will do anything about it? -- They told the community that they had been defeated and there was nothing more they were able to do. (10)

These people that were elected, were they given any sort of name? -- They were elected as a temporary committee.

At about this - at the time of this meeting did you know whether the councillors were united? Whether they all had the same view or not? -- I would say there was some misunderstanding or division amongst the councillors because of the fact that when meetings were held at the community hall, some of the councillors did not show up to attend these meetings.

Was an explanation given why they did not show up? -- (20) Can you just repeat that? I am not quite clear on what you are saying?

Was any explanation given why there were only four councillors at the meeting and why the other four..

COURT: Who spoke of four?

MR BIZOS: Or did she say some? I am sorry.

COURT: Some did not attend the meeting.

MR BIZOS: I am sorry. Well, how many attended and how many did not? -- Four did not attend.

Was any explanation ever given why the four who did (30  
not / ..

not attend, did not attend? Was an explanation ever given? -- Those were the people who were in favour of the removal to Pudimoe.

COURT: Was that stated? -- Those were the councillors who were in favour of going to Pudimoe.

Yes, was it stated? -- No, it was just clear that they were the people who were in favour of going to Pudimoe, the reason being that whenever the question of going to Pudimoe was being discussed that this was to be resisted, they did not attend that kind of a meeting. (10

MR BIZOS: At the time that this meeting of the report back from Kimberley was held, were people busy moving to Pudimoe? -- Yes, there were people who were holding meetings.

COURT: I am sorry? -- There were people who were holding meetings.

Holding meetings? The question is were there at the time people moving to Pudimoe? -- Yes, there were.

MR BIZOS: Was anybody helping them to move to Pudimoe? -- Yes, the councillors were assisting them to move to Pudimoe.

How were they assisted? -- By providing vehicles and (20 also telling them that the rent in Pudimoe is low.

Were there any mud structures in Huhudi at the time, round about the time that this report back meeting from Kimberley was taking place? -- Yes, there were.

Did anything happen to them round about this time? -- At the time of the discussions around the removal?

Yes, or at the time of the report back on the Kimberley visit, round about that time? -- I do not quite remember.

Did anything happen to those mud structures at any time that you know of? -- What happened is the people of the (30

mud / ..

mud houses in Huhudi are those who were moved to the houses in Pudimoe.

And what happened to the houses once they were moved? -- It seems I am forgetting now what happened to them.

Right, we will leave it at that. Now this temporary committee, did it call a meeting, a public meeting. -- Yes, it did call a community meeting.

Do you remember when that was more or less? -- It could have been 1982 or 1983, I am not certain.

How long after the temporary committee was elected at (10 the meeting, did they call this community meeting? How long after that? -- It was elected in 1982.

And how long after that did they call this meeting? -- A month or two after that.

Where was this meeting held? -- Community hall.

How many people were present? -- Quite many.

Full or half full, half empty? -- It was full.

And who spoke at this meeting? -- Mr Galeng.

Do you remember what he said? -- He explained in what he was saying about the formation of HUCA. (20

Yes, what did he say, what would HUCA do once it was formed or why was it necessary to form HUCA? What did he say? -- HUCA was an organisation that we formed in order that it, HUCA helps us not to be removed to Pudimoe.

Other than Mr Galeng did anyone else speak? -- Yes, there was somebody else.

Who? -- Mr Khasu.

And what did he say? -- In what he said is that they, that is HUCA, was going to help us to find people who were going to speak on our behalf. (30

Did / ..

Did he mention the sort of people that he might have had in mind? -- Yes, he was talking in terms of some whites who were lawyers.

Did he talk about anyone else other than lawyers? -- Yes, he also made mention of Black Sash.

Who else spoke at this meeting? -- I remember the two.

COURT: You do not remember any others? -- I do not remember who the other people were who also spoke at this meeting.

MR BIZOS: Were there any strangers from outside Huhudi who spoke at this meeting? -- No, there were no strangers. (10

And the people there present did they agree or disagree about the formation of HUCA? -- They agreed.

And once they had agreed, was there anything said or done as to how, who would govern HUCA? Who would be responsible for HUCA? -- Yes, there were certain people who were elected by the community.

Were they different people to the people who were in the interim committee? -- The same people who were serving in that temporary committee which was working for the formation of HUCA were elected as those who would be in charge of HUCA. (20

Only those or were there any others elected? -- Only those who were serving in the temporary committee were elected in the control of HUCA.

Were they given any positions on the committee by the community? -- Yes, there was a chairman elected by the community and like for instance the secretary.

Yes, and were you yourself in favour of the formation of HUCA? -- Yes, I was in favour.

And did you after this consider yourself to be associated with HUCA in any way? -- Yes, that is so. (30

COURT / ..



COURT: As what, as a member? -- Yes, I was in the committee.

MR BIZOS: When you say the committee, were you elected or what do you mean by that committee? -- No, I have just forgotten. No, I am making a mistake, I was not in the committee.

Did you pay anything? -- Pay?

Did you pay anything there or thereafter? -- Yes, there was a time when we had ourselves registered. For the registration I paid an amount of R1.

COURT: Yes. Would this be a convenient time for the adjournment? (10

MR BIZOS: As your lordship pleases.

THE COURT ADJOURNS UNTIL 25 MAY 1988.